

28 November

Skrifgedeelte: Handeling 14:21-28

Fokusgedeelte: Handeling 14:23, 27

Die Here laat sy kerk groei en hou dit in stand

Met die eerste sendingreis van Paulus sien ons dat die Here sy kerk laat groei en dit versorg. As Paulus en Barnabas terugkeer na Antiogië (in Sirië), waarvandaan hulle uitgestuur is, vertel hulle vir die gemeente wat die Here alles deur hulle gedoen het. Dit het ook vir hulle onmiskenbaar duidelik geword dat die Here die deur van die geloof vir die heidene oopgemaak het.

So het die Here sy kerk laat groei, ook al was daar teenkanting en vervolging. Hierdie lewe en groei van die kerk is 'n wonder van die Heilige Gees se werk, maar die Here gebruik daarvoor mense in sy diens. As Paulus en Barnabas aan die eindpunt van hulle reis kom, gaan hulle op pad terug weer by die gemeentes aan wat hulle gestig het. Die gemeentes moet in stand gehou en versorg word. Daarvoor word ouderlinge in elke gemeente verkies en ná gebed en vas deur deur die apostel opgedra aan die Here. Hier is dan vir die eerste keer sprake van ouderlinge buite die gemeente in Jerusalem.

Die ouderlinge is dus aangewys om die gemeentes te lei en te versorg as Paulus-hulle vertrek het. Ouderlinge het dwarsdeur die kerkgeskiedenis 'n besondere rol gespeel in die kerk van die Here. Hulle was, en is, in 'n sekere sin die ruggraat van die kerk.

Ook in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het ouderlinge 'n besondere rol gespeel. Dink maar aan die dienswerk van ouderlinge in elke plaaslike gemeente, in die stad, op die platteland en veral ook in voorposgemeentes.

Laat ons die Here dank vir getroue en toegewyde ouderlinge wat Hy in sy kerk gegee het en steeds gee!

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Dr. F van der Walt (Emeritus)